Laerskool Villieria

Telefoon: 012 331 1100
012 330 0110
Faks: 012 331 4916
E-pos: villiesskool@icon.co.za

100 JAAR
1903 - 2003
LOOP WAKKER

Posbus 31520
Totiusdal
0134

Ben Swartstraat
Villieria
Pretoria
0186

12 Oktober 2020

# INPERKINGSBRIEF 27/2020

Geagte Ouers/Voogde

En daar word ons uit ons skoene bederf deur ons Skepper met heerlike sagte reën – 'n droombegin vir 'n nuwe groeiseisoen op hande.

Met Covid-19 beslis nog in ons midde, veral as ons na die daaglikse infeksiesyfers loer, doen ons steeds 'n beroep op ons ouers om steeds saam met die skool, leerders sal aanmoedig om te hou by alle voorkomende maatreëls. Ons moedig ons ouers aan om seker te maak leerders dra sy/haar masker en dat hul 'n spaar masker in die tas het.

**SAKKE**

Die einde is in sig en nogmaals DANKIE ... ongeag 'n uiters finansieël onstuimige jaar het ons Villieria-ouers/-voogde weer hul kant ten volle gebring.
Die Projek sluit hierdie week en alle sakkevorms moet ingehandig word. Waar 'n vorm verlore geraak het moet 'n beëdigde verklaring of 'n brief van die ouer ingehandig word.

| | | |
|---|---|---|
| Sluitingsdatum: | Donderdag, 15 Oktober 2020 | (Groengroep) |
| | Vrydag, 16 Oktober 2020 | (Geelgroep) |

Alle leerderpryse word tot en met Vrydag, 16 Oktober 2020 (09:00) bereken.
Ons finale sakke-uitdeel geleentheid vind plaas eerskomende Donderdag, 15 Oktober 2020 (06:30 – 13:30). Soos voorheen, die deurry ontvangsmetode (Motorhek in 29ste Laan).

**BEGROTINGSVERGADERING**

Soos in die verlede bepaal die Gauteng Regulaies dat die vergadering herskeduleer word indien daar nie 'n kworum vereiste is nie.
Woensdag, 14 Oktober 2020 (19:00) is die amptelike finale datum vir die Begrotingsvergadering.

**SKRYFBEHOEFTEPAKKETTE 2021 (Graad R – 3)**

Ons herinner ouers/voogde wat dalk ons skrywe gemis het – ons Graad R- tot Graad 3-skryfbehoef-tepakkette is reeds by die kantoor beskikbaar.
(Verwys asseblief na laasweek se Inperkingsbrief).

**GEDAGTE VIR DIE WEEK**

*"Without rain, nothing grows. Learn to embrace the storms of your life." - (Anonymous)*

Villiesgroete

**DP HAASBROEK**
**HOOF**